Groeigroepe – Week van Sondag 10 Junie 2018
Tema: Geloof as die wêreld warm word!

Ons maandtema is ***Verbonde vreemdinge!*** Ons gebruik die teksgedeeltes in die Bybel wat praat oor gelowiges se ervaring van vreemdelingskap en hoe ons ons geloof uitleef in sulke situasies.

1. WELKOM / WELCOME 10 min

1) Hoe beleef jy die kwartaal sover?

2) Deel van ’n situasie (’n hooftepunt of uitdaging) waar jy die Here se teenwoordigheid beleef het. Wat het dit vir jou beteken?

2. AANBIDDING 6-10 min

1) Loof en dank die Here vir wat julle gedeel het en dat Hy betrokke is in julle lewens

3. WOORD / WORD 40 min

1. Ons beleef aan die eenkant dat ons diep verbind is met ons land, Suid-Afrika, en aan die ander kant voel ons soms soos vreemdelinge in ons “eie” land.
   Deel met mekaar hoe julle dit beleef. (wees versigtig om nie in negatiewe praatjies oor die land en politiek te verval nie)

2. Hoe het julle die oorgang in ons land as gelowiges beleef: van bevoorregte/mags/beskermde posisie as Christene na een van vele stemme sonder voorrang en bevoorregting? (van middelpunt van die samelewing na die rand van die samelewing)

3. Luister na die Woord: Daniël 3: (vgl teks onder aan die riglyne)
   Omdat dit ‘n dramatiese verhaal is, gee genoeg tyd dat mense dit dalk self kan lees en dan kan enkele verse net herhaal word (vgl vetgedruktes)

4. Daniël se vriende het ter wille van hulle geloof in die moeilikheid beland (wêreld het warm geraak om hulle).
   Vertel van geleenthede waar jy dalk ook in ‘n moeilike situasie beland het weens jou geloof of geloofsoortuigings? (werk, gemeenskap, familie, vriende, ens.)

5. Daniël se vriende het voor die versoeking gekom om ter wille van hulle eie veiligheid of voordeel, voor die beeld van Nebukadneser te buig.

Vertel van versoekings waarmee julle gekonfronteer word om voor moderne afgode te “buig”? (Moontlikhede: mag/magsmisbruik + geld/besittings + seksele + beheptheid met die “self” + verdraaiing van die waarheid/leuen (bv korrupsie/omkopery, ens)

Watter rol speel groepsdruk in die proses?

6. Die volgende geloofwaarhede het Daniël se vriende gehelp om staande te bly onder baie moeilike omstandighede.
   Gesels prakties hoe dit vir julle ook kan help?

   God is Koning en regeer (ook in Babilon/RSA) (Dan 4:34-35)

   Ons hoef nie altyd alles te verduidelik nie (v16)

   Ons belydenis dat ons vir God dien (v17)

   Getrouheid/gehoorsaamheid aan die Here ten spyte van risiko’s (v18)

   God is by ons teenwoordig (v25+28)

7. Gesels oor die onvoorwaardelike dien van die Here ongeag die uitkoms of voordeel. (vers 18+28).
   Wat beteken dit prakties in ons situasie? (bv risiko’s: werk + meriete + populariteit + bevordering + om “nee” te sê, ens)

   Watter rol speel dit in geloofshelde se lewe (vgl die Christenmartelare deur die geskiedenis en mense wat vandag nog vervolg word twv hulle geloof) (vgl Hand 4:19 +5:29)

   Is jy bereid om die Here so te dien?

8. Die uitkoms van situasies waar ons getrou was aan die Here, is volgens die gedeelte die volgende: Gesels hoe julle dit beleef

   Respek vir ons geloof

   Erkenning van God

   Geleentheid vir getuienis

   Versterking van medegelowiges

9. Hoe kan die volgende geloofsgewoontes ons help om getrou aan die Here te bly? Wat kan julle byvoeg?

   Afsondering by die Here

   Gehoorsaamheid/getrouheid aan die Here

Onderskei met wysheid hoe om op te tree

Volkome oorgawe aan die Heilige Gees

5. WERKE/WORKS 5 min

Maak seker dat julle gesels oor hoe julle bogenoemde **prakties kan maak.**

Gebed:

- **Dank die Here:**
  - Dat Hy regeer oor die kosmos en ook in Suid-Afrika en ons stad
  - Dat Hy getrou is en nooit sy kinders in nood alleen sal los nie
  - Dat Hy by ons is in alle omstandighede
  - Dat Hy besig is met ons en met ons land

- **Bid:**
  - Dat ons erns sal maak om af te sonder/stil te raak by God
  - Dat ons getrou aan die Here sal wees in alle omstandighede
  - Dat ons aan die Here gehoorsaam sal wees
  - Dat ons staande sal bly in versoekings
  - Dat ons sal getuig/vertel dat ons die Here dien en daarom anders optree
  - Vir die laaste weke van die kwartaal
  - Vir kinders/studente wat nog eksamen skryf
  - Vir die voorbereiding met die Kampvuurfees + Veldtog + Mosambiek-Uitreik
  - Vir mekaar se behoeftes

Skriflesing: Daniël 3:1+4-6+8+12-19a+24-26+28-30

[1]Koning Nebukadnesar het 'n goue beeld laat maak, dertig meter hoog en drie meter breed, en dit laat oprig in die Duradal in die provinsie Babel.
[4]'n Aankondiger het hard geroep: "Alle volke, nasies en taalgroepe, julle word beveel: Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid. ***Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word."***
[8]Dit was toe dat sekere Galdeërs die Jode gaan verkla het… [12]Maar, U Majesteit, nou is daar Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie, hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie."
[13]Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag, Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die koning gebring, [14]en Nebukadnesar het vir hulle gesê: "Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? [15]Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. ***Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?"***
[16]Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: "Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. [17]Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. [18]Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."
[19]Toe het Nebukadnesar wit geword van woede vir Sadrag, Mesag en Abednego en opdrag gegee dat die ***oond sewe maal warmer gemaak*** *moet word as gewoonlik.*
[24]Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: "Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie?" En hulle sê vir hom: "Dit is so, U Majesteit!"
[25]Hy sê toe: "Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n hemelwese!"
[26]Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe gekom en geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit hierheen!" En Sadrag, Mesag en Abednego het uit die oond uitgekom.
[28]Toe sê Nebukadnesar: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te dien of te aanbid. *[29]Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."*
[30]Die koning het toe gesorg dat dit voorspoedig gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel.